

'N DAME MET 'N BESONDERE UITRUSTING

A.C.M. Coetzer

Tradisioneel is Duitsland die bakermat van houtpoppe. Reeds in die 15de eeu het vakmanne, kinders en bejaardes lang koue winters benut om poppe uit hout te maak. Reisigers het hierdie poppe huis toe geneem as geskenke en sodoende het die poppe dwarsoor Europa bekendheid verwerf. In ander lande soos o.a. Amerika, Engeland en Nederland is poppe ook uit hout vervaardig.

'n Pragtige voorbeeld van 'n agtiende-eeuse houtpop is lank reeds deel van die Kultuurhistoriese-versameling van die Nasionale Museum, Bloemfontein. Hierdie pop is in 1961 deur Mev. van Es van Bloemfontein geskenk.

- 1 *Die houtpop.*
- 2 *Linne chemise (onderhemp), ook as naghemp gebruik.*
- 3 *Wit flennie lyfie wat voor toeryg.*
- 4 *Korsetvoering van leer en katoen, buitekant met damas oorgatrek en normaalweg met walvisbeen of rottang versterk.*
- 5 *Groewe flennie kneibroek wat aan haar gebreide katoen kouse vasgwerk is.*
- 6 *Die étui was gewoonlik 'n sakkie met naaldwerkgereedskap wat aan 'n rok se lyfie vasgemaak is. In hierdie geval handvervaardigde houertjies vir naalde, spelde, knope en 'n skér.*
- 7 *Sagte leermoffies met groen sy omgeboor, strek tot by elomboog.*
- 8 *Fyn katoen mus met "ere" wat na agter strek.*
- 9 *Liggroen damas rok met ingeweefde geel en naaswit motiewe. Voering van rooi en wit geruite glanssis Voor maak dit met ysterhakies vas.*

1



2



3



4






8



10 – 11



12



13



14



10. Los flennie kraag wat by lae hals ingedruk word.
11. Los moue word onder rok gedra sodat net val uitsteek.
12. Drie onderrokke:
Wit flennie
Indiese katoen met geverfde blomme
Roomkleurige gewatteerde sy onderrok, met rooi gare deurgewerk en met rooi sy omgeboor.
13. Sage blou rokromp met las agter, moontlik weens tekort aan materiaal.
14. Die houtpop ten volle geklee.

Die pop is feitlik heeltemal van hout gemaak behalwe vir die materiaal arms wat haar groot, skepelvormige hande met haar lyf verbind. Die voeg- en tapwyse waarop die bene by die lyf aansluit, getuig van fyn vakmanskap. Haar rugkant is plat, moontlik met die doel om te verhoed dat sy uit die wiegie rol of om haar tydens vervaardiging makliker aan 'n werksbank te kon vasskroef. Die hout is bedek met 'n gipssamestelling wat verglans is om die mooi afgewerkte voorkoms te gee. Bruin oë, soos hierdie pop s'n, was die mees populêre kleur, maar na die troonbestyging van koningin Victoria het blou oë gewilder geword. Haar oë is geverf, maar sommige van die agtiende-eeuse poppe het ook glasoë gehad. Die geboë wenkbroue gee aan die pop 'n oosterse voorkoms. Onnatuurlike rooi kolle op die wange, soos by dié pop, was tiperend van die Engels vervaardigde poppe.

Die pop is geklee in 'n uitsonderlike handgemaakte agtiende-eeuse uitrusting. Soos in die geval van hierdie pop was kinders en poppe se kleredrag miniatuur replikas van die van volwassenes. Dié pop en 'n soortgelyke houtpop, wat waarskynlik uit die sewentiende eeu dateer, is in die Kleredragsaal van die Nasionale Museum op uitstalling.



BIBLIOGRAFIE

- FRASER, A. 1973. *Dolls*. London: Octopus Books.
- KING, C.E. 1977. *Dolls and doll's houses*. Great Britain: Hamlyn.
- KING, C. 1977. *The Collector's history of dolls*. Great Britain: Jarrold & Sons Ltd.
- STRUTT, Daphne, H. 1975. *Clothing fashions in South Africa*. Cape Town: A A Balkema.
- WAUGH, N. 1968. *The cut of Women's clothes 1600-1930*. London: Faber & Faber.